

Hoekom word jy alewig SIEK?

En hoekom dit nie nodig is nie!



—deur Johan Jacobs



Johan Jacobs, stigter en outeur van GO Natural

Hoekom is daar deesdae soveel siek mense? Berei jou voor vir 'n radikale paradigmaskuif! My boek, 'Go Natural!' onthul ons veranderde omgewing sorgvuldig vanuit verskillende invalshoeke – insluitend die moderne gewysigde voedselketting, ons water, tandheelkunde, persoonlike sorgprodukte en nog veel meer.

'Go Natural' bied jou praktiese raad om beheer van jou gesondheid te neem ten

aanduiding dat iets hopeloos skeef geloop het. My ervaring met MS en my elf jaar lange reis tot herstel, het my oë oopgemaak vir ons drasties veranderende omgewing. Ek weet nou dat my siekte nie blote toeval was nie.

Daar is hoop en hulp, ten spyte van hedendaagse diagnostiese uitsprake. Ek het geen hoop op herstel van MS gehad nie – dit was 'n oënskynlik ongeneeslike siekte. Deur die genade van God en met die hulp van

waarin ons voorvaders hulle bevind het, selfs tot so onlangs as 'n eeu gelede. Plante het toe kos met ware voedingskrag gelever. Die vrugte van daardie plante het nie vooraf verwerk en gaar, verpak in bokse, aan takke gehang nie, maar vandag volg die mens 'n "skêrdieet" – ons knip bokse en pakkies met 'n skêr oop en dink dat ons gesonde voedsel inneem. Ons stapelvoedsel word in fabriek geprosesseer, chemies gepreserveer, gegeur en van bykans alle voedingswaarde gestroop tydens hierdie vernietigende industriële prosesse.

Ons word om die bos gelei

Met misleidende bemerking en slim ontwerpte verpakking word ons daarvan oortuig dat ons steeds "suiwer" heilsame kosse geniet. Gerief het die beslissende faktor vir die meeste verbruikers geword. Ons verpakte kitskos en klaargaarmaaltye bevat hoofsaaklik leë koolhidrate wat ons versadig laat voel, maar dit is sonder enige voedingswaarde en substansie, wat wanvoeding, gewigstoename, diabetes, vetsug, giftige oorlading, chemiese wanbalans en onderontwikkeling tot gevolg het.

Die onsigbare draak – toksisiteit

Afgesien van ons nutriënt-arme voedselbronne, word 'n groot aantal van die siekte-toestande waaraan mense ly deur die onsigbare dimensie van toksisiteit veroorsaak. Die meeste van ons is onbewus van die dodelike gevare wat in ons kos, tandheelkundige praktyke, boerderypraktyke, water, huishoudelike en persoonlike higiëne produkte skuil; om nie te praat van algemene en mediese teg-

weens 'n gebrek aan kennis, met die uiteinde-lyke gevolg dat hulle nie die doel waarvoor hulle geskape is, vervul nie.

Eer God met 'n gesonde liggaam

My begeerte is om mense te bemoedig en te rus om na die natuurlike manier van lewe, wat soveel mense vroeër geniet het, terug te keer – voor die Industriële Revolusie en gepaardgaande massaproduksie.

Ons moet landbou- en voedselpraktyke bevorder wat ons in staat sal stel om die heilsame, voedende kos te geniet wat God tot ons voordeel geskape het.

nologie en vele ander euwels nie. Omdat ons egter nie onmiddellik die skadelike uitwerking daarvan ervaar nie, soms selfs kitsverligting van simptome ervaar, word ons gesus om aan te neem dat hierdie produkte en prosedures veilig is.

My voortdurende ervaring is egter dat hierdie faktore 'n dodelike, akkumulatiewe uitwerking het wat dikwels slegs ná jare van langdurige gebruik en blootstelling sigbaar en voelbaar word – en menigmaal is dit te laat.

Lig ander in

Dr. Weston Price was in die jare dertig een van die baanbrekende antropologiese navorsers wat nougeset die nadelige en dodelike uitwerking van die moderne leefstyl en gepaardgaande verwantskap met degeneratiewe siektes gedokumenteer en blootgelê het. Tog het die voedsel en mediese bedrywe ongelukkig nie op sy waarskuwings ag geslaan nie.

Die gevolg is dat baie mense eidelose skade en pyn verduur en selfs voortydig sterf

Ek spoor die leser aan om terug te keer na die lewenswyse en eetgewoontes wat God vir ons bestem het – d.w.s. organiese, vars, gesonde, voedende kosse wat deur God geskape is om ons liggaam met die nodige voeding en ammunisie te voorsien om gesondheid te handhaaf, asook om die gesondheid te herstel vir diegene wat wel aan siektes ly.

Lees GO NATURAL en bemagtig jousef om wyse keuses uit te oefen

Ek bid dat die reeks artikels in JOY! en JUIG! tesame met die inligting wat in my boek aangebied word, jou sal bemoedig en bemagtig om 'n proaktiewe en gesonde leefstyl na te streef, wetend dat ons liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is. ■

JOHAN se herstel van primêre progressiewe veelvoudige sklerose het hom geleer dat siekte geen toeval is nie, maar dat daar 'n grondoorsaak is. Vir meer besonderhede en lewensreddende inligting om 'n gesonde leefstyl te handhaaf, bestel hierdie boek by: www.gonatural.co.za

Ons leef in 'n veranderde omgewing waar ons gesondheid beïnvloed word deur moderne landboupraktyke en geprosesseerde voedsel. Siekte is nie blote toeval nie, maar daar is hoop.

spyte van al die onnatuurlike, skadelike, giftige veranderlikes waaraan ons daaglik blootgestel word.

Die statistiek is onrusbarend

Een uit elke drie mense sal met kanker gediagnoseer word. Die drastiese toename in gevreesde siektes soos kanker, is 'n duidelike

gesondheidskundiges en toksikoloë het egter heeltemal herstel en voer nou 'n lewenskrachtige en energieke lewe.


Moderne voedsel = geen voedingswaarde!

Die waarheid is dat die omgewing waarin ons vandag leef, hemelsbreed verskil van dié

SÊ NEE VIR KITSKOS!

KIES DIE NATUUR SE KOS! DIT IS WAARVOOR JY GESKAP IS.

SLEGS R200
BTW ingesl.



Die volledigste en omvattendste gesondheidsboek wat jy ooit sal lees. Hierdie boek sal jou na 'n siektevrye lewe begelei.

SLUIT 72 RESEPTE IN!

DIE DOEL VAN DIE BOEK

Die liggaam is wonderlik geskape. Die onverhandelbare voorwaardes vir die liggaam om doeltreffend te funksioneer is behoorlike voeding en die verwydering van alle gifstowwe. In sy boek deel Johan sy genesingsreis; 'n merkwaardige "lang pad na gesondheidsvryheid". Hierdie reis het hom bemagtig om riglyne te deel hoe om moderne gesondheidslandmyne te vermy en mense in staat te stel om heeltemal siektevry te leef.

JOHAN SE ONTDEKKING HET HOM LAAT BESEF:

- Dat 'n gesonde dieet en leefstyl noodsaaklik is vir die liggaam om natuurlik, siektevry en optimaal te funksioneer
- Die liggaam sal slegs oor die vermoë beskik om selfgenesend, selfonderhoudend, en selfbeskermend te wees indien 'n gesonde dieet en leefstyl gevolg word
- Go Natural vlek die verskuilde gevare oop wat in ons mond, kos en omgewing skuil en wat potensieel die kernoorzaak van ons siektetoestand is
- In Go Natural verduidelik Johan ook waarom die leefstyl van 'n "jagter-versamelaar" hoër voeding vir optimale gesondheid verskaf
- Go Natural sal jou help om die verskil tussen 'n siekte en 'n siektetoestand te verstaan – en jou wys hoe om beheer van jou gesondheid te neem
- Go Natural sal die redes (en die oplossings) vir fisiese degenerasie, versnelde veroudering en onnodige gewigstoename verduidelik